# Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 | ✉ 58 | hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 | HUMANSDORP | admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za | 6300 | accounts@stulting.co.za


______________________________________________________________________

2026-03-27

Geagte ouer / voog

**NUUSBRIEF 9**

ALGEMEEN

**Skole heropen:** Die skool heropen weer op Woensdag 8 April 2026.

**Ouer-onderwyservergaderings:** Geleentheid om u kind se 1ste kwartaal akademiese uitslae te bespreek word gehou op Donderdag 9 April (17:30-19:00) in die skoolsaal.

**Buitemuurse rooster:** Aktiwiteite op die buitemuurse rooster neem op Maandag 13 April in aanvang.

**Fondsinsameling:** Onthou asb. dat die *"busboekies"* ingehandig moet word wanneer die skole vir die 2de kwartaal heropen. Dankie vir u samewerking.

**Strandstap:** Gister se strandstap by Kaap St. Francis was weereens 'n hoogtepunt vir ons leerders (en personeel). 'n Gepaste wyse om die besige kwartaal mee af te sluit. Dankie vir al die Strandstap fondsinsamelingsvorms wat ingehandig is.

**Stulting Herfsdans:** Die Gr. 7-ouers bied 'n Herfsdans aan vir fondse vir die Gr. 7-Kaaptoer. Die Herfsdans word gehou op 11 April by The Woods. Skakel Ilze vir meer inligting – 0825554265.

**Instandhouding en nuwe projekte:** Die *Gr. R speelgrond* nader vinnig voltooiing. Hulle spog reeds met nuwe speelapparaat en die grondbedekking word eersdaags gelê. Die *Grondslagfase klaskamers en gange* word ook tans geverf. Ons is ook besig om bo-grond op die *rugbyveld* te strooi. Die *Kodering en Robotika klas* spog ook met nuwe skootrekenaars.

Ook die _Rekenaarklas_ het 10 nuwe "*mini-pc's*" ontvang om verouderde rekenaars te vervang. Ons grootste trots is die 11 nuwe _interaktiewe borde_ wat in die wiskundeklasse (Gr. 4-7) en in die Gr. 1 en 2 klasse geïnstalleer is.

Baie dankie aan die beheerliggaam wat fondse vir hierdie projekte allokeer, en ons ouers wat skoolfonds so getrou betaal en ons fondsinsamelingsprojekte ondersteun, want dit is waar die geld vandaan kom.

PERSONEEL

**Mev. Daleen Gerber:** Baie dankie aan juf. Daleen wat tydens mev. Rayne Clegg se kraamverlof omgesien het na ons Gr. R.2-klas. Juf. Daleen is 'n regte staatmaker en ons is bevoorreg om haar nader te mag trek as ons haar hulp nodig het.

**Mev. Stersia Lourens**: Welkom aan mev. Lourens wat aangestel is as Gr. 7-registeronderwyser. Ons wens haar geluk en sterkte toe vir die jaar.

**SAOU Kragspel**: Vyf van ons rugbyafrigters het die voorreg gehad om die SAOU Kragspel, aangebied in Gqeberha, by te woon. Mnr. Corné Krige, voormalige Springbok-kaptein, een van die gassprekers het ons weer herinner aan die blywende impak wat onderwysers het in die vorming van jongmense se toekoms. Sy getuienis oor hoe opvoeders sy eie lewenspad beïnvloed het, was werklik motiverend en het die verskil wat ons daagliks maak, opnuut bevestig

**Afrigters nuus:** Mnr. Arno en mnr. Aubrey het die Wêreldrugby Krag- en Kondisioneringsafrigtersvlak 1-kursus vir kinders aan die einde van November verlede jaar bygewoon en het onlangs hul amptelik akkreditasie ontvang. Mnr. Arno het ook sy Wêreldrugby Vlak 2-afrigters akkreditasie ontvang. Baie geluk, afrigters! Ons is trots op julle.

Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 ✉ 58 hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 HUMANSDORP admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za 6300 accounts@stulting.co.za

---

## GEMEENSKAPSNUUS

**Gemeenskapsprojek - 2de kwartaal:** Ons wil graag weer volgende kwartaal ons bejaardes van *Ons Tuiste* bederf met ‘n pakkie. Die projek sal aan die einde van Junie tot ‘n einde kom. Ons sal nader aan die tyd meer inligting deel oor presies wat ons alles in die pakkies wil sit, maar u kan solank enige komberse, serpe, handskoene en mussies wat dalk in die pad is, vir ons bêre.

## AKADEMIE

**Volkswagen AutoPavilion:** Ons Graad 6-leerders het op 4 Maart 'n opvoedkundige uitstappie na die Volkswagen AutoPavilion in Uitenhage gehad. Die leerders het dit geniet om die fassinerende geskiedenis van Volkswagen te verken, te sien hoe motors oor die jare verander het, en te leer oor hoe voertuie ontwerp en gebou word. Dit was 'n geleentheid om buite die klaskamer te leer en tegnologie en ingenieurswese op 'n prettige manier te ervaar.

**Top 5 Akademie:** Soos atlete wat ure oefen om te presteer, werk ons akademiese toppresteerders ook hard om hul doelwitte te bereik. Ons vier vandag hul prestasie, terwyl ons elke leerder se unieke bydrae en moeite, soos in hierdie nuusbrief uiteengesit, waardeer. Hiermee ons Top 5 presteerders in elke graad – *alfabeties aangedui*.

| Gr. 1 | Gr. 2 | Gr. 3 | Gr. 4 |
|---|---|---|---|
| Abrahams, Bethany | Blou, Maeyah | Basson, Matthew | Hattingh, Arnoux |
| Felix, Riley | Erasmus, Danelle | Heyns, Cornelius | Saunders, Michael |
| Felix, Riley | Erasmus, Riley | Heyns, Lia | Strydom, Elmia |
| Ferreira, Izak | Steenkamp, Robin | Knezovich, Libby | Vermaak, Johannes |
| Fodo, Zhuri | Strydom, Beate | Lippert, Xaiden | Zietsman, Shan-Leigh |

---

| Gr. 5 | Gr. 6 | Gr. 7 | |
|---|---|---|---|
| Bredell, Nina | Basson, Emma | Naude, Reuben | |
| Du Plessis, Elzé | Cilliers, Errol | Saunders, Mieke | |
| Ferreira, Franco | Kleyn, Klara | Spangenberg, Amé | |
| Morton, Elmie | Pretorius, Miguel | Vd Walt, Simoné | |
| Terblanche, Nico | Van Loggerenberg, Saskia | Vermaak, Lika | |

## SPORT

### ATLETIEK:

**Sarah Baartman atletiekbyeenkoms**: 13 Februarie 2026 uitslae: PE / Westbourne Oval

| GOUD | SILWER | BRONS |
|---|---|---|
| Simoné van der Walt SG | Simoné vd Walt 200mH | Amé Spangenberg 200mH |
| Anru Germishuys DG | Jayden Abrahams DG | Ayvah Stevenson |
| Simoné van der Walt GS | Ansuné Wenke GS | RJ Vermaak GS |
| Anru Germishuys GS | Simoné van der Walt VS | Pieter Swart DG |
| Lika Vermaak DG | Jayden Abrahams GS | Annika Williams GS |
| Jayden Abrahams SG | Hanré Rose GS | Lize Landman DG |
| Simoné van der Walt 75mH | Anru Germishuys SG | Jaymar Swarts 70mH |
| | Kayla Wait 75mH | Jaymar Swarts 80m |
| | Amé Spangenberg 75mH | Jaymar Swarts 100m |

**Oos-Kaap Atletiekbyeenkoms:** Die volgende atlete wat deelgeneem het aan die Oos-Kaap Atletiekbyeenkoms as deel van die Sarah Baartman span in Komani op 6 en 7 Maart 2026, het die volgende prestasies behaal: ***Lika Vermaak***: Diskus - rekord 36,40m (1ste plek), ***Anru Germishuys***: Diskus - 30,31m (1ste plek) & Gewigstoot - rekord 12,25m (1ste plek), ***Jaydon Abrahams***: Spiesgooi - 35,02m (1ste plek) & Gewigstoot - 11,13m – (2de plek), ***Simoné van der Walt***: 200mH – (3de plek), Spiesgooi - 33,75m (PB) – (1ste plek) & Gewigstoot 10,75m (PB) – (1ste plek) en ***Jaymar Swarts***: 4x100m aflos – (1ste plek). In totaal het ons atlete in 11 items deelgeneem en 7 goud, 1 silwer en 1 brons ingepalm.

# Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 | ✉ 58 | hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 | HUMANSDORP | admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za | 6300 | accounts@stulting.co.za


---

**SA Atletiek Kampioenskappe (Kaapstad):** Veels geluk aan Lika, Simoné, Anru en Jaydon wat gekwalifiseer het vir deelname en uitsonderlike atletiekprestasies by die kampioenskappe van 19-21 Maart in Kaapstad. Hulle het die volgende uitslae behaal: Lika: 6de (Diskus), Simoné: 10de (Gewigstoot) en 4de (Spiesgooi), Anru: 10de (Gewigstoot) en Jaydon: 11de (Gewigstoot).

SWEM

**Interhuis Gala:** Die skool se interhuis swemgala het op 25 Februarie plaasgevind. Verskeie nuwe rekords is opgestel. Ryder Warner het drie rekords verbeter in die Meisies 12 jr & Ope-afdeling, naamlik die 25 m vlinderslag, 25 m rugslag en 25 m vryslag. Gia-Lily Gouws het ’n rekord opgestel in die Meisies 11 jr 25 m borsslag, terwyl Maddie Loureiro ook ’n rekord verbeter het in die Meisies 12 jr & Ope 25 m borsslag. Die Rooi span het as wenners uit die stryd getree met 483 punte, die Swart span tweede (220 punte) en Goud derde met 177 punte.

**Interskole Gala:** Op 3 Maart het Stulting die interskole swemgala aangebied waar vier skole teen mekaar meegeding het. St. Francis College het eerste geëindig met 414 punte, gevolg deur Laerskool Jeffreysbaai in die tweede plek met 318 punte. Laerskool Stulting het derde geëindig met 275 punte en Victory Christian School vierde met 88 punte. Tydens hierdie gala het Olivia-Rose Gouws ’n nuwe rekord opgestel in die Meisies 9 jr 25 m rugslag.

SKAAK:

**Mayoral Cup:** 5 van Stulting se Skaakspelers het aan die Burgemeestersbeker deelgeneem en hulself tot die finaal deurgespeel wat op 11 April sal plaasvind. Baie geluk aan Divan Viviers, Caleb Bruton, Eli Fleurs, Shan-Leigh Zietsman en Grace Spencer.

Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 | ✉ 58 | hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 | HUMANSDORP | admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za | 6300 | accounts@stulting.co.za

---

KRIEKET

Ons krieketspanne het met beperkte speeltyd in die eerste kwartaal skitterende resultate gelewer: Die o/13 krieketspan het 4 wedstryde gespeel en al 4 wedstryde gewen. Roelf Cilliers het baie goed gekolf en het 62 en 53 lopies aangeteken. Die o/11-span het 3 wedstryde gespeel waarvan hul 2 gewen en 1 verloor het. Pieter Swart het onderskeidelik 72 en 52* aangeteken met die kolf. Die o/11B-span het ook 2 wedstryde gespeel. Die o/7 het 'n wedstryd gespeel en gelykop gespeel en die o/8 span het 2 wedstryde gespeel en albei gewen.

RUGBY

**Kouga o/13 Rugbyproewe:** Anru Germishuys, Tyler Julies, Jaydon Abrahams, Elaih Stuurman, Heinrich Wait, Stef-Nick van den Berg, Yamnkela Nyendwana, Adriaan Erasmus, Jordan Felix en Ahlomla Klaas was almal uitgenooi om die Kouga Sub-Unie rugbyproewe by te woon.

**Kouga Sub-Unie toernooi:** Anru Germishuys, Tyler Julies, Jaydon Abrahams, Stef-Nick van den Berg, Yamnkela Nyendwana, Elaih Stuurman en Jordan Felix is gekies om die Kouga o/13A rugbyspan te verteenwoordig by die Sub-Unie toernooi wat die 16de en 17de April in Kariega gaan plaasvind. Mnr. Darius is gekies as Kouga B-span assistent en Mnr. Lingaster as afrigter van die span. Mnr. Arno is gekies as Hoofafrigter van die Kouga o/13A span.

TENNIS

**Playmaster Tennis Academy:** Saskia van Loggerenberg, is in Januarie aangewys as "Speler van die Jaar 2025" by Playmaster Tennis Academy. Hierdie besondere prestasie is behaal te midde van ongeveer 100 privaat spelers, asook ander skoolgroepe wat nóg 50+ spelers insluit.

☎ (042) 295 1119 ✉ 58 hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 HUMANSDORP admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za 6300 accounts@stulting.co.za

**Technifibre Eden TSA:** Saskia van Loggerenberg het ook aan die Technifibre Eden TSA tennistoernooi in George deelgeneem. Sy eindig 2de in die enkels o/12 meisies afdeling na 'n amper drie ure finaal. Saskia eindig ook 2de in die dubbels o/14 meisies afdeling.

**Oos-Kaap Olifante IPT:** Saskia het in Januarie die Oos-Kaap Olifante IPT o/13 Span verteenwoordig in Bloemfontein. Sy het ook deelgeneem aan TSA American Express Super 8 toernooi en het 4de geeïndig in enkels en dubbels. In Februarie wen sy die TSA Oos-Kaap Mini in enkel en dubbels. Sy het ook 2de geeïndig in enkels en dubbels in die TSA Eden Mini. Saskia neem die vakansie aan American Express Junior Nationals deel in Bloemfontein.

**Synergy Cup:** Wilhelm Bredell, Lika Vermaak en Wilhelm Opperman het deelgeneem aan die Synergy Cup Toernooi wat in Bloemfontein plaasgevind het vanaf 27 Februarie tot 1 Maart. Hulle het baie goed gevaar in die toernooi en het dit baie geniet.

**Nelson Mandelabaai Tennis-uitdaging:** Franco Maritz het aan die Nelson Mandelabaai Tennis-uitdagingtoernooi deelgeneem en tot die finale rondte in die o/12-seunsafdeling deurgedring. Hy verloor die finale rondte, maar eindig as die eerste naaswenner.

RUGBY EN NETBAL

**Sporttoer - Riebeek Kasteel:** Gedurende die komende skoolvakansie, van 29 Maart tot 2 April, vertrek ons o/13 Rugby- en o/12- & o/13-Netbalspanne na Riebeek Kasteel om deel te neem aan die sporttoernooi wat deur die plaaslike laerskool aangebied word. Dankie vir die personeel wat hierdie geleenthede vir ons leerders bied.

MMA

**MMA Raptors:** Baie geluk aan ons Stulting-leerders: Tytian van Rooyen, Tristan Roelofse, Dean Marais, James Marais en Caleb Siebrits wat deelgeneem het aan die KOSA George

☎ (042) 295 1119 | ✉ 58 | hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 | HUMANSDORP | admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za | 6300 | accounts@stulting.co.za

Ope-toernooi as deel van hul onafhanklike klub, MMA Raptors. Ons leerders behaal Goud: 2, Silwer: 7 en Brons: 4.

KARATE

**Oos-Kaapse JKA:** Leo Siemens het aan die Oos-Kaapse JKA Gqeberha-proewe deelgeneem. Hy het goue medaljes in beide die Kata- en Kumite-afdelings in sy ouderdomsgroep gewen. Hy is ook met sy Oostelike Provinsie-kleure vir Karate toegeken en opgeneem in die Oos-Kaap JKA-span wat later vanjaar by die SAJKA Nasionale Kampioenskappe in Johannesburg deelneem.

KULTUUR

**Musiek:** Ons is trots op Leah Breedt (Gr. 7) se onlangse uitstaande prestasie tydens die Nasionale Eisteddfod Akademie se Jong Uitvoerende Toekenningskompetisie. Sy het meegeding in die Kontemporêre Musiek-kategorie: Instrumentaal – Klavier en Kontemporêre Vokale (met agtergrondbaan). Leah het 'n Diploma (90%) vir beide Klavier én Kontemporêre Sang met agtergrondbaan behaal. As erkenning is sy amptelik genooi om deel te neem aan die 23ste Nasionale Eisteddfod. 'n Besondere eer vir enige jong kunstenaar.

**Ace Models:** Crystal-Leigh Calitz is in Desember 2025 aangewys as Ace Models Kouga Fotografie Model van die Jaar, Ace Models Kouga Junior Mees Verbeterde Model van die Jaar, en Ace Models Kouga AMNC25 Model van die Jaar.

**ATKV Brandervolts:** Van ons kinders het Saterdag 21 Maart aan die ATKV Brandervolts kompetisie deelgeneem by Teater by die see. Amoné Jacobs en Shanique Ruite het goud in die dansafdeling gekry. Amoné het 'n 2de plek behaal in haar kategorie. Amé Spangenberg en Christiaan du Plessis het goud verower in die voordrag afdeling. Amé het 1ste gekom in haar kategorie.

Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119
(042) 295 2612
www.stulting.co.za

✉ 58
HUMANSDORP
6300

hoof@stulting.co.za
admin@stulting.co.za
accounts@stulting.co.za

---

Dit was voorwaar 'n besige kwartaal en ons leerders was orals betrokke. Ons nooi ons leerders uit om enige prestasies onder die skool se aandag te bring. Ons deel graag sertifikate en medaljes tydens weeklikse saalbyeenkomste aan ons leerders uit.

Ons plaas ook graag on sleerderprestasies op die skool se sosiale media. Skakel asb die skoolkantoor vir meer inligting of e-pos die inligting rakende u kind se prestasies na skoolfooie@stulting.co.za.

Dankie vir u samewerking en begrip.

C.J. Coetzer
SKOOLHOOF